



# HOËRSKOOLO PIONIER

Tel: Skool (034) 981-3152  
981-3145  
Koshuis: 982-2719  
Faks: 980-9677

Privaatsak X9413  
VRYHEID 3100  
E-Pos adres  
pionier@lantic.net  
Webblad : www.pionier.co.za

23 April 2021

Geagte Ouers

## BUSROETE NA PONGOLA, MKUZE, BOABAB EN HLUHLUWE: TWEDE KWARTAAL

Om te verseker dat die vervoer van u kinders na en van Hoërskool Pionier so glad as moontlik verloop, wil ons graag die volgende reëlins onder u aandag bring:

- As gevolg van sportbepaling sal daar op die volgende Vrydae GEEN busse ry nie, maar die busse sal wel daardie Sondag ry:
  - Vrydag, 7 Mei 2021
  - Vrydag, 28 Mei 2021
  - Vrydag, 11 Junie 2021
- Die koste word volgens die aantal ritte per kwartaal bepaal en sal dus nie elke kwartaal dieselfde bedrag wees nie.
- KOSTE: Die koste per leerling vir die tydperk 2 Mei 2021 tot 9 Julie 2021 verskyn hieronder in tabelvorm:

	Pongola	Boabab	Hluhluwe
Graad 8 - 12	R2 210	R2 465	R2 890
Enkelkaartjie	R160	R170	R220

- Geen persoon mag 'n kaartjie op die bus koop nie en geen persoon sal sonder 'n kaartjie op die bus toegelaat word nie. Leerlinge se toelating op die bus is voorwaardelik.
- Die buskomitee het ook besluit, dat as gevolg van die buskomitee se finansiële verpligtinge, geen uitstel ten opsigte van die betaling van busgelde verleen sal word nie - die busgelde vir hierdie kwartaal is dus, soos hierbo aangedui, betaalbaar op Vrydag, 28 Mei 2021.
- Alle leerlinge wat steeds agterstallig is met die busgelde van die vorige kwartaal, sal nie op die bus toegelaat word nie.
- Leerlinge wat nie teen 28 Mei 2021 hul busgelde ten volle vereffen het nie, sal vanaf Vrydag, 4 Junie 2021 nie op die bus toegelaat word nie.
- Hierdie pryse is slegs geldig vir die 2de kwartaal 2021.
- Geen reëlins vir busvervoer mag ook Vrydae getref word nie.

## 10. MANIERE VAN BETALING

- Busgelde kan kontant by mev. Els by die kantoor inbetaal word.
- Gelde kan in die onderstaande rekening gedeponeer word of per internet na die ondersaande rekening oorgeplaas word. Indien die gelde in die rekening gedeponeer word, word u versoek om die depositostrokke met **u kind se toelatingsnommer, van en voorletters (Hoërskool Pionier) en busroete** (afklimpunt) na die skool te **faks** voor of op **28 Mei 2021**. Indien u per internet betaal word u versoek om asseblief ook die **leerling(e) se toelatingsnommer, van en voorletters (Hoërskool Pionier) en rekeningnommer, van en voorletters (ander skole) en afklimpunt** as verwysing te gebruik.

### Bankbesonderhede:

Rekeningnaam: Hoërskool Pionier Buskomitee      Bank: ABSA  
Takkode: 334 524      Rekeningnr: 4049202261

LW: a) Die busgelde moet nie in die skoolrekening inbetaal word nie, want die Buskomitee maak gebruik van hul eie rekening.

## 11. KORTINGS VIR LEERLINGE VAN HOËRSKOOLO PIONIER

Slegs leerlinge van Hoërskool Pionier kwalifiseer vir die volgende korting:

- Die oudste kind(ers) van drie kinders in 'n gesin kry 25% korting indien 'n kwartaalkaartjie gekoop word, maar die res van die gesin betaal volprys.

12. 'n **Buskaartjie** sal aan elke leerling uitgereik word sodra die volle busgeld of bewys van betaling ontvang is. Hierdie buskaartjie moet **ten alle tye deur die betrokke leerling getoon word voordat hy/sy op die bus toegelaat sal word.**
- L.W: a) **GEEN LEERLING MAG TOELAAT DAT ENIGE ANDER LEERLING SY/HAAR BUSKAARTJIE GEBRUIK OM OP DIE BUS TE RY NIE - INDIEN 'N LEERLING GEVANG WORD IN SO 'N GEVAL, KAN DIT GEBEUR DAT HY/SY HUL PLEK OP DIE BUS PERMANENT VERLOOR.**
- b) Geen buskaartjies sal **op die bus verkoop word nie.**
- c) Leerlinge van ander skole sal slegs van hierdie busvervoer gebruik kan maak indien **daar plek op die bus is**, hul toelating is dus voorwaardelik.
- d) As 'n leerling se naam nie op die busregister verskyn nie, sal hy/sy nie op die bus toegelaat word nie.
13. As gevolg van die vaste koste met die busdiens, het die Buskomitee besluit dat daar geen “slegs Vrydag of Sondag-kaartjie” verkoop sal word nie, maar dat alle leerlinge in die toekoms kwartaalkaartjies sal moet koop. Leerlinge mag 'n maksimum van 3 keer per kwartaal 'n enkelkaartjie koop indien hulle nie permanent wil ry nie (mits daar plek op die bus is).
14. Daar sal Woensdae, tydens registerperiode in die registerklas 'n lys gemaak word van watter leerlinge die komende naweek op die bus sal wil ry. Leerlinge moet seker maak dat hul naam wel op die lys verskyn, omdat daar op 'n Donderdag aan die privaat busmaatskappy aangedui moet word hoeveel busse die naweek benodig sal word. Indien 'n leerling se naam nie op die lys verskyn nie, sal hy/sy nie op die bus toegelaat word nie. Indien 'n leerling aangedui het dat hy/sy wel gaan ry, maar wie se reëlings verander het en dus nie meer gaan ry nie, **moet hy/sy vir mnr. Paul voor Vrydag, 08:00** in kennis stel, anders kan hy/sy vir die ekstra koste verantwoordelik gehou word.
15. Indien 'n leerling sy/haar naam opgee om permanent op 'n sekere bus te ry, sal hy/sy verantwoordelik wees vir die volle koste van die kwartaal en kan nie later aandui dat hy/sy nie gery het nie.
16. Onderaan is 'n lys van **bustye en plekke van arriveer en vertrek** asook **kontakpersone.**
17. Geen leerling mag op 'n ander bus as waarvoor hy/sy betaal het, ry sonder vooraf toestemming by mnr. Paul gekry is nie.
18. Leerlinge wat enkelkaartjies wil koop moet dit vóór Donderdae om 13:00 by mnr. Paul koop. Enkelkaartjies sal slegs verkoop word indien daar plek op die bus is.
19. Elke leerling se ouer/voog moet asseblief 'n “Busvervoeraansoek- en Inligtingsvorm” (by skool beskikbaar) voltooi en aan die skool verskaf.
20. U moet ook asseblief daarop let dat busgelde (punt 2) uitgewerk is dat u nie betaal vir die dae waarop die bus nie ry nie, bv. met sportgeleenthede.
21. Elke leerling mag ook net sy/haar skooltas en nog een ander tas op die bus laai. Geen mikrogolfoonde, klankstelsels, stofies, ens. sal op die bus toegelaat word omdat dit probleme t.o.v. die veiligheid van kinders op die bus kan veroorsaak asook genoeg ruimte vir al die bagasie. Geen persoon mag ook sy bagasie op die bus laai as hy/sy nie self die dag op die bus ry nie.
22. Leerlinge mag slegs in “volle skooldrag” of “volle siviess” reis.
23. Leerlinge moet asseblief seker maak dat hul naam en van op hul bagasie aangebring word.
24. U moet ook daarop let dat 2<sup>de</sup> en 3<sup>de</sup> kwartaaltje gevolg word.
25. Indien leerlinge op 'n Woensdag (met opname) aangedui het dat hul die naweek wel gaan bus ry en hul reëling verander daarna, moet hulle asseblief (mnr. Paul) dadelik in kennis stel.
26. Covid-19 regulasies en protokol: Alle leerlinge moet aan Covid-19 reëls en regulasies gehoor gee. Verontagsaming van enige reëls sal tot afsetting van enige busroete lei.

U is welkom om die skool enige tyd te kontak indien u enige navrae of voorstelle het ten opsigte van die busse. Voorspoed vir die nuwe kwartaal.

Vriendelike groete

---

R.S. MULLER  
SKOOLHOOF

---

H.E. PAUL  
VERVOERBEAMPTE